

U VOLGENDE HAARSNY:
Kom na
**POTCH.
HAARKAPPERS**
(Langs President Teater)
Kerkstraat 104

die Wapad

Is u gekys? JA! VERLOOF?
Nog nie . . . spreek dan

EDDIE de BEER
DIAMANTSLYPER
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse
U soek die diamant en ons set
hom na u smaak
**BEL: Tannie de Beer (De Klerk-
huis) 2226, Potchefstroom**
OF
E. J. de Beer: 869-1260, Alberton

Jaargang XVI

Saterdag, 26 Augustus 1961

Nr. 10

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O:

U.O.V.S. SE HARDE NEUT GEKRAAK P.U. WEN INTERVARSITY

(Van die Hoofredakteur)

PUKKE, DAAR STAAN HY: 11-0!

Dit is 'n lekker gevoel hier by die maag langs en die hart gee boksprings soos 'n rugbybal op 'n voetbalveld.

Ukows se neut is gekraak en hy is hard gekraak.

Nou, 'n vreeslike mooi wedstryd was dit nie. Die voorspelers het mekaar opgedreun tot by oom Daantjie in die kalwerhok.

Daar het Herman Venter andermaal bewys dat hy lynstaankoning van die Puk is. Die wyse waarop hy gerank het en die bal menige keer glad aan die agterlyn besorg het, was 'n lus om te aanskou.

Maar Koos Hattingh het gespook soos hy alleen maar kan, en hierdie twee het die bal in die lynstane bemeester.

Daardie voorspelers van die Puk het 'n bars gespeel—soos een man. Willem de Waal het soos 'n jong bulletjie te kere gegaan en aan sy sy het Piet Bingle en Poens Prinsloo gespeel soos Spartane.

Bingle se haakvoet was reg en hy het die bal telkens en telkens uit die bond gehaal.

GLORIERYK

Piet Bosman het geskitter en glorieryke wedstryd as kaptein van die Puk gespeel. As leier het hy die manne bymekaar gehou en in die los sal Johan Jacobsz hom sekerlik nie maklik vergeet nie. Dit was Piet Bosman op sy beste.

Daardie groot, vinnige agtsteman van die Puk, Koos du Plooy, was nie alleen altyd by nie, maar hy het 'n bars gespeel en dodelik verdedig. Terry Roscher was altyd by.

GELOL

Maar in die agterlyn het dit so 'n bietjie gelol. Die Pukke kon sekerlik verder gewen het as die bal net vinniger van Friedel Swart na Carl Grundlingh gestuur is.

Swart het soms geaarsel en dis daardie kosbare sekonde of wat wat die Kovsies in staat gestel het om op te beweeg en Grundlingh of te dwing om te skop of lam te lê.

RYK VAN SCHOOR

Bennie van Niekerk is telkemale deur Johan en Jan van der Schyff ge-Ryk van Schoor, maar hulle het die bal net te min gekry om werklik daarmee te kon aanval.

Op vleuel het Smous van der Westhuizen die wedstryd van sy lewe gespeel en as hy daardie bal gekry het, het hy genaël. Net eenkeer aan die einde van die wedstryd het hy met byna 'n oop doellyn voor hom geskop in plaas van om oop te lê doellyn toe.

H. B. van der Walt het gespeel soos hy alleen kan. Op die verdediging was hy altyd by.

VEILIG

Schalk Hoogenboezem was veilig in die laaste vesting en sy buiteskoppe het die Pukke telkens gered. Net eenkeer—heel aan die begin van die wedstryd—het hy voor sy eie pale die bal lelik misgetas.

Aan die kant van Ukows het Johan Jacobsz getoon dat hy 'n lossakel van formaat is. Nie alleen was sy skopwerk 'n doring in die vlees van die Pukke nie, maar ook in die verdediging het hy uitblink.

JORDAAN

Travers Jordaan, daardie wakker flank van Ukows, het die hele veld volgespeel en telkens 'n wit-en-rooi trui grond toe gebring.

Alle eer kom die moedige stel voorspelers van die Kovsies toe vir



Carl Grundlingh, die Pukke se onderkaptein.

die wyse waarop hulle hul man gestaan het toe twee van hul voorspelers van die veld gedra is.

Selfs in hierdie stadium het hulle nog daarin geslaag om die bal van die Pukke af weg te raap.

In die lynstane het Kalie Strydom hoog gerank en die stryd tussen hom en Herman Venter was beslis iets om te aanskou. Nogtans het Venter die beste daarvan afgekom.

SLAANKRAG

Die Ukows-agterlyn het groot slaankrag aan die dag gelê, maar die Pukke se dodelike verdediging het hulle aan bande gelê.

'n Mooi wedstryd was dit nie—daarvoor is die stryd te veel tussen



Jan van der Schyff, ook 'n veteraan.

die voorspelers beslis, en het die driekwarte te min kans gekry om hulle werklike slag te toon.

Maar dit was 'n taai botsing. Geen genade is gegee nie en geen genade is gevra nie. Dit was 'n stryd tot die laaste oomblik toe en eers ses minute voor die eindfluitjie geblaas het, was die uitslag 'n uitgemaakte saak.

AFSKOP

Johan Jacobsz het die bal om presies 2.35 afgeskop en die Pukke was dadelik op die aanval. Om 2.46 het Jan van der Schyff die bal gestel binne sy eie halfgebied en pale toe gemik. Die bal was kort en het regs verby getrek.

Onmiddellik hierna het Johan van der Schyff blitsig 'n skepskop pale toe gemik maar ook dit was mis.

Smous van der Westhuizen is hierna duime van die doellyn af gekeer nadat hy die bal opgeraap het.

In hierdie stadium het die spel heen en weer oor die veld beweeg en die twee spanne het mekaar opgedreun—albei vasberade en besiel met 'n wil om te wen.

Om vyf minute voor drie het Johan van der Schyff pale toe gemik, maar dit was laag en kort.

Die Pukke moes verdedig soos Spartane toe Jacobsz en Koppie Marais 'n pragtige aanval op die Pukdoellyn geloods het.

BYNA-BYNA

Kort voor rustyd was Johan Zietsman weer byna-byna deur, maar die



Herman Venter, oudstryder van die Puk.

bal het op die oomblik toe hy dit moes vat, vir hom net verkeerd gespring.

'n Minuut voor rustyd is Piet Bingle en Smous van der Westhuizen



Piet Bosman, kaptein van die eerstespan.

duime van die doellyn af gestuit nadat Van der Westhuizen vir Zietsman geklop het.

Rustyd het aangebreek met die telbord steeds wagend op punte.

Om kwart-oor-drie het Carl Grundlingh die tweede helfte ingelui en die Pukke het onmiddellik aangeval. Maar die bal kon net nie die agterlyn skoon en suiwer bereik nie.

HERVATTING

Sewe minute na die hervatting is Rohde beseer en van die veld af gedra. Goddie Lubbe het nou gaan vleuel speel en hom deurgaans goed van sy taak gekwyt.

Om 3.35 is 'n strafskop aan die Pukke toegeken. Jan van der Schyff het die bal gestel halfpad tussen die halflyn en die kwartlyn . . . en die bal het suiwer deur die bale getrek. (3-0).

Om 3.42 is Koppie Marais van die veld af gedra met 'n besering. Henry Meyer—daardie doring op (Vervolg op bladsy 4)

**'n Djallas Intervarsity,
mense!**

met . . .

djallas foto's

Kom bestel hulle by

PIET FOTOKUNS
TOMSTRAAT 82
POTCHEFSTROOM

KOVSIES WEN DEBAT MET EEN STEM

DIE KOVSIES het gisteraand die inter-universitêre debat in die hoofgeboussaal teen die Puk met een stem gewen.

Mnr. Piet Liebenberg het die Kovsies se standpunt eerste gestel, n.l. dat Bantoearbeid voordelig is vir die Republiek van S.A. Hy het verklaar dat die Bantoe so 'n intergrale deel van S.A. se ekonomie is dat dit onmoontlik is om van hom ontslae te raak. Hy het verder gewys op die koopkrag van die Bantoe asook op sy arbeid, sy fabriekswese en sy boerdery.

BANTOEKOLLEGES

Ook die Bantoe Universiteitskolleges sal op die lang duur as voordeel bewys word aangesien die Bantoe hier sy eie wetenskaplikes en tegnici oplei.

Mnr. D. A. S. Herbst het hierop vir die Puk geantwoord dat die Bantoe tot nadeel van die Suid-Afrikaanse sosio-ekonomiese lewe strek.

Hy het daarop gewys dat die ganse ekonomiese struktuur van S.A. gegrondves is op Bantoearbeid. Ooreenkomstig die beleid van afsonderlike ontwikkeling is dit die plig van die blanke om die hand uit die mou te steek en sy werk te doen.

OUTOMATISASIE

Mej. Anna de Villiers van U.O.V.S. het hierna aangetoon dat outomatisasie en meganisasie in hierdie stadium onmoontlik is en dat die blanke vir die uitbouing van die landseconomie steeds aangewys sal wees op nie-blanke arbeid.

DIE BULT DROOGSKOONMAKERS (EDMS.) BPK.

Vir Vinnige en Deeglike Diens
Tomstraat 90 Telefoon 2237

Voorts het sy verklaar dat die nie-blanke intellektueel steeds groei en dat hy fisies veel sterker is as die blanke—en dus instaat is tot meer arbeid.

Hierna het mej. Barbara Geertsema daarop gewys dat die blanke die beskawing in Afrika moet uitdra te midde van heftige aanvalle van 'n nie-blanke Oosterse wêreld. In hierdie omstandighede is dit die blanke se plig om ook sy ekonomiese lewe self te onderneem en self dit ook uit te bou.

● Hierna het daar lewendige bespreking aan die kant van die debatsgangers gevolg.

PUK WEN BOTSING OP TENNISBAAN

Raketswaaiers voer taai stryd

INTERVARSITY HET VIR die Puk op 'n hoë noot begin toe die mans sowel as die dames hul teenstanders uit Kovsieland met die kous oor die kop huis toe gestuur het. Hoewel die eindtelling in spelle 35—27 in die guns van die Pukke was, was dit nogtans 'n taai botsing, die uitslag waarvan eers heel teen die einde finaal was.

Soos die verwagting was, het die dames van die Puk hul teenstanders in die enkelspele met 8—7 geklop en in die dubbelspele maklik met 6—1. Die stryd tussen die mans was meer gelykop en die enkelstelle is deur U.O.V.S. met 15—14 gebuit terwyl die Pukke die dubbelstelle met 7—4 ingepalm het en sodoende seker gemaak dat hulle ook die mansafdeling buit.

Die laaste wedstryd is weliswaar gestaak weens swak lig, dog dit kon geen verskil aan die uitslag maak nie.

Bekende Puk Oorsee

Mnr. Koos van Niekerk wat vroeër vanjaar sy M.Comm.-graad aan die P.U. behaal het, vertrek in September na Europa vir verdere studie.

Mnr. Van Niekerk is van voornemens om sy aandag hoofsaaklik te wy aan die koöperatiewe stelsel in Europa.

As beurshouer van die Oos-Transvaalse Koöperatiewe Maatskappy is mnr. Van Niekerk tans werksaam by die kantoor van die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings.

Op die Puk was mnr. Van Niekerk veral bekend as 'n knap student.

Dames Bewys Andermaal Hulle Baasskap

DIE EERSTE DAMESHOKKIESPAN het vanoggend op aanskoulike wyse daarin geslaag om die oorwinning wat tydens die toernooi op Grahamstad oor die Kovsies behaal is, te herhaal toe hulle die eerstespan van U.O.V.S. met agt doele teenoor nul verslaan het.

Skitterende samespel aan die kant van die Pukke het bygedra tot die oorwinning, wat van die begin af 'n uitgemaakte saak was. Slegs na rustyd het die Kovsies reggeruk en moes die Pukke vir 'n rukkie kwaai verdedig. Doele is aangeteken deur die

Die spel van hul kapteine, Z. Fichardt, het hier opgeval. Vir oulaas het die aanvalle op die UKOVS se doelgebied 'n doel deur Betsie Sphör tot gevolg gehad.

TAFELTENNIS:

Spane Suis Met Lus

IN 'N AANGENAME gees het die Pukmans daarin geslaag om hul tafeltennis-teenstanders van U.O.V.S. naelskraap met 19 punte teenoor 17 te klop. Die dames van die U.O.V.S. het egter die bordjies verhang en die Pukke met 16—8 oorrumpel.

In die A-afdeling was die stryd baie gelykop en die telling van 6—6 is dan ook 'n goeie weergawe van die spel. Die Pukke het aanvanklik baie gesukkel en was op een stadium 1—4 agter, dog hierna het hulle reggeruk om 'n gelykopuitslag af te dwing.

Vir die Pukke het Faan Oosthuizen deurgaans goeie spel gelewer en hy was dan ook vir vyf van sy span se ses oorwinnings verantwoordelik. Die kaptein van die Kovsies, Ewie Cronje, het ook lekker gespeel en drie van sy span se oorwinnings verseker.

HOOFDIS

Die hoofdis van die aand het baie belangstelling gaande gemaak. In 'n puik wedstryd het Faan Oosthuizen daarin geslaag om vir Ewie Cronje met twee spelle te klop en sodoende het Faan die ongekroonde kampioen van die aand geword.

Die B-span van die Pukmans het hul teenstanders met 7—5 geklop. Veral Nic du Plooy het vir die Pukke uithalerspel gelewer en hy is goed ondersteun deur Sakkie Venter en Andries van der Walt.

GELYKOP

Die mans-C het gelykop gespeel met 6—6. Die Pukke het die enkelspele heeltemal oorheers, dog kon nie 'n enkele dubbelspel inpalm nie. ● In die damesafdeling was die Kovsies net te goed vir die Pukke en in beide die A en die B botsing was die telling 8—4 ten gunste van die besoekers.



Jean Venter

kapteine, Albertha Howell (2), Margaretha Bingle (2), Betsie Sphör (3) en Este Martins (1).

KNAEND

Knaende aanvalle vanuit die staan-spoor is beloon met twee doele wat namekaar aangeteken is deur Margaretha Bingle. Die goeie verstandhouding en samespel tussen Albertha Howell en Margaretha Bingle lei tot 'n doel wat deur Albertha aangeteken is. Direk hierna het Albertha ook op eie houtjie deurgebreek om die rustydte telling op 4—0 te staan te bring.

Na rustyd het UKOVS die wurggreep van die Pukdames afgeskud en moes die Pukke keer so wat hulle kon. Flink spel deur Jeanne Venter het hier die oog gevang.

OORHAND

Puk het egter gou weer die oorhand verkry en 'n kwartier later slaag Betsie Sphör daarin om 'n doel aan te teken. Uit twee binne-gevegte reg voor die doelgebied van UKOVS is die bal netjies in die net geskiet, eers deur Betsie en die tweede keer deur Este Martins.

Hierna was daar geen keer aan die Pukke nie en die verdediging van die Kovsies is tot die uiterste toe beproef.

Pukke Wreek Nederlaag Puik Skaak Gelewer

OP DRAMATIESE WYSE het die Puk vanjaar tydens die Intervarsity-skaaktoernooi hul nederlaag van verlede jaar gewreek.

Tot op die einde van die toernooi was die uitslag in die weegskaal en is bepaal deur die uitslag van die marathonstryd tussen H. Messerschmidt van die Puk en Hennie Oosthuizen van U.O.V.S. Die spel wat vier uur geduur het, het eindelijk onbeslis geëindig. Dit het die Puk die nodige punt besorg om as oorwinnaars uit die stryd te tree met 'n

telling van 9½ teenoor 8½ van die Kovsies.

Goeie vertonings aan beide kante was aan die orde van die dag. Vir die Puk het die kaptein, Johan Koen, en Danie Joubert en Fred Macaskill beide hul spelle gewen, terwyl vir die Kovsies Ampie van Tonder—hul kaptein—George Sabbagha en Hans Groenewald uitmuntende spel gelewer het.

Die toernooi het in 'n baie aangename gees plaasgevind. Van die Kovsies sowel as van die Puk deelnemers het aan Die Wapad se korrespondent verklaar dat dit die aangenaamste Intervarsitybotsing was waaraan hul nog deelgeneem het.

Verversings is op rojale wyse gedurende die toernooi aan die peinsende skaakspelers verskaf en mnr. Josua Welding van die Puk was gedurig besig om toe te sien dat niemand afgeskeep word nie.

Studente!

Besigheid of FLIEK in die dorp
STOOR JULLE FIETSE TEEN
2½c PER DAG

EN KOOP SNOEPERYE BY
Annellas

Restaurant

Kerkstraat 85 Potchefstroom

Lepisma Saccharinum Es?

Is u 'n Boekwurm? . . .

KOM KRY U VOEDSEL DAN BY ONS —

Pro Rege-Pers Beperk

„DIË POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL“

KERKSTRAAT 91-95

TEL. 1164 en 497

BORCHERDSTRAAT

TELEFOON 3431

POTCHEFSTROOM

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG“ . . .

„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN“ . . .

Besoek

INGRAM

SE DRANKWINKEL

Allerlei

★ WYNsoORTE, BIER en STERKDRANK

★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP
TAMATIESAP en KOEJAWELSAP in bottels
en blikkies

Posbus 171—Kerkstraat 122

Tel. Nrs.: 12 & 2582

UITSLAE

Die uitslae van die enkelwedstryde is soos volg:

David Gray klop Dawie du Plessis 6—3, 4—6, 6—4.

Ewie Cronje klop Eddie de Jager 6—0, 6—0.

A. van Wyk verloor teen prof. Smith 0—6, 1—6.

Bennie van Niekerk verloor teen Wynand Putter 4—6, 6—4, 5—7.

Hennie Stander klop Pieter van der Walt 3—6, 6—4, 6—2.

Dionne Lamprecht klop Willem Vorster 5—6, 6—4, 6—4.

C. van Rensburg verloor teen G. Scholtemeijer 1—6, 0—6.

S. Strydom klop Nic Botha 6—3, 6—5.

T. Badenhorst verloor teen K. Meintjies 2—6, 3—6.

P. Green verloor teen D. Oosthuizen 1—6, 3—6.

B. Clark verloor teen B. Venter 2—6, 1—6.

H. van Wyk klop L. Taljaard 6—1, 5—6, 6—1.

DAMES-ENKELS

Y. Holtzhausen klop S. Putter 5—6, 6—1, 6—3.

M. Kritzinger klop B. Coetzee 6—3, 6—5.

L. de Kock klop A. Venter 4—6, 6—4, 6—1.

H. Beën verloor teen Alta de Kock 2—6, 0—6.

Zaza Fichardt verloor teen P. Gouws 2—6, 1—6.

L. Strydom verloor teen A. Smulders 6—5, 5—6, 2—6.

Klinkende Oorwinning Vir O/19's

DIE ONDER 19 A-SPAN van die Puk onder leiding van Kobie van der Walt het 'n klinkende oorwinning van 11—8 oor die Kovsies behaal.

Dit was deurgaans 'n puik wedstryd waarin geen genade gevra en ook geen genade gegee is nie. Die twee stelle voorspelers het mekaar van 'n kant af opgedreun. Die Kovsies het in die lynstane egter die beste gevaar, maar die skrms het baie gelykop verloop.

BEWEEG PUIK

Albei agterlyne het met puik bewegings voor die dag gekom en mekaar deeglik vasgelê. Die wedstryd was deurgaans spannend en die Pukke het hulle wenpunte eers in die laaste vyf minute aangeteken toe Spekkies de Villiers in 'n spannende oomblik met 'n strafskop geslaag het.

ANDER PUNTE

Die Pukke se ander punte is aangeteken met nog 'n strafskop deur De Villiers. Hulle drie is behaal nadat Kobie van der Walt pragtig

gebreek het om 'n skrum en op die regte oomblik aan Koos du Plessis gegee het wat onder die pale oorgeval het.

Vir U.O.V.S. het Reynecke 'n onvervfyde drie behaal en flank Botha 'n drie na 'n skitterende breekslag deur De Haas, die losskakel, wat deurgaans 'n mooi wedstryd gespeel het.

SKAKELPAAR

Aan die kant van die Kovsies het die skakelpaar, Strydom en De Haas, deurgaans uitgeblink met Reynecke 'n baie moedige en gewillige vleuel. ● Onder die geleedere van die Pukke het Kobie van der Walt, Du Plessis en Steyn veral die oog gevang.

O/19 B-span Behaal Oorwinning

Die onder negentien B-span van die Puk het die span van U.O.V.S. met 16—3 met die kous oor die kop huis toe gestuur.

In die eerste helfte het die Pukke deurgaans 'n gebiedsvoordeel geniet en met rustyd was die telling dan ook 6—0 in hulle guns—'n drie deur Pat Cloete en 'n skepskop deur Johan Vorster.

In die tweede helfte het die Kovsies sterker weerstand gebied en B. Cronje het hulle enigste punte met 'n strafskop aangeteken.

TWEE DRIEË

Die Pukke het egter in hierdie helfte twee drieë gedruk—deur Hennie van Aswegen en Johan Vorster, wat albei vervyf is deur Piet Willemse.

UITBLINKERS

Die uitblinkers in die Puk se span was sonder twyfel Olof Marais, heelagter, Piet Willemse wat in die lynstane leeuwerk gedoen het, en die kaptein, Johan Vorster.

Die Pukke se slaankrag in die agterlyn was hoofsaaklik van die twee staatsmaker-senters, Ginger en Hennie van Aswegen.

● Die verandering wat Piet Steinberg se afrigting in die gehalte van die spel van die span gemaak het, was duidelik sigbaar.

FIRES SPEEL GELYKOP

Fires en die III A-span van U.O.V.S. het gelykop gespeel met drie punte elk in 'n harde en taai wedstryd.

Die voorspelers het mekaar deeglik opgedreun, maar ook die twee agterlyne het telkens met mooi lopies voor die dag gekom.

Die verdediging aan albei kante was egter dodelik.

Vir die Pukke het Piet van der Bank 'n drie gedruk nadat Herman Steyn die bal hoog geskop het.

Vir die Vrystaters het Visagie, die een vleuel, oorgeval vir 'n onvervfyde drie.

PUKDAMES IN HOKKIE BOBAAS

In 'n deurgaans baie aanskoulike en opwindende wedstryd het die Puk se tweede damshokkiespan 'n pragtige oorwinning van drie doele teenoor een van die Kovsies behaal.



Anita van der Merwe

Bykans geen individuele uitsondering kan gemaak word nie. Die spel van Sarie Fourie was egter opvallend en is bekroon deur die drie doele dat sy vir haar span aangeteken het. Puik spel is ook gelewer deur Anita van der Merwe.

Die kranige doelwagter van UKOVS het haar hande en voete volgehad om die aanvallende Pukke die hoof te bied.

Die Kovsies se enigste doel is gesamentlik aangeteken deur Lettie Naude en Rina Celliers

Die Pukdames het pragtige spel gelewer—eie aan die hoë tradisie wat aan Puk-hokkie kleef.

Kovsies Delf Onderspit

Die tweede korfbalspan het ook 'n oorwinning behaal oor die span van U.O.V.S. wat eintlik hulle meer op netbal toelê. Hier het die pukdames 'n telling van 42 doele teenoor twee van U.O.V.S. behaal, en hulle opponente heeltemaal oorskadu.

Goeie spel is gelewer deur Bettie Bingle, Rina van Helsdingen en Frances Kruger.

Vir U.O.V.S. het Bettie Theron met twee strafdoele geslaag en so doende die Kovsies se enigste punte aangeteken.

ONAANSKOULIK

Die spel as geheel was nie juis aanskoulik nie omdat dit enigszins eensydig was. Die Pukke het nie veel teenstand ondervind nie en vandaar dan ook die reuse oorwinning.

Maar mens moet jou egter nie blindstaar teen die groot telling nie en in ag neem dat korfbal vir die Vrystaters iets vreemd is. Volgende jaar dreun hulle ons weer met netbal op.

Vir daardie hol gevoel op die maag . . .

Ons bak die HEERLIKSTE

Vleispasteitjies



BAKKERY BAKERY (EDMS.) BPK.

Kerkstraat 61 Potchefstroom

Kovsies Se Hokkiespan Rook Die Pyp

DIE EERSTE MANSHOKKIESPAN van die P.U. is op hul tuisveld deur die gedugte UKOVS-span die loef afgesteek met twee doele teenoor nul, nadat die Pukke aanvanklik op die aanval geboer het en na moontlike oorwinnaars gelyk het.

Die eerste doel van U.V. is behaal nadat die Pukke weens 'n oortreding gestraf is. Die voorlyn van Ukovs, wat deurgaans goed vertoon het, is beloon vir hul ywer toe die tweede doel teen die Pukke aangeteken is.

ONGELUKKIG

Die P.U.-span was beslis ongelukkig om nie ook 'n doel te behaal nie. Die veilige spel van Jan Ras in die doel het die U.V. beroof van doele na menige vasberade pogings van hul voorlyn om 'n mooi beweging af te rond.

Hans Arendt, kaptein van U.V., het veilige spel op die verdediging gelewer en in die doel was Viljoen, die doelwagter, die ondeurdringbare laaste vesting.

Hans se Wysheid

Ou Ewie is so belangrik soos die vise-hoof van 'n eenmanskool.

„Ewie, sy het jou 'n vuil kyk gegee, né?” „Wie?” „Moeder Natuur.”

Hy laat 'n mens baie dink aan 'n babatjie: aan die een kant 'n suigpomp—aan die ander kant geen verantwoordelijkheid nie.

Hy is verder glo die blommetjie van die Cronje familie—hy is die blooming fool.

Ons hoor hy is op 'n Sondag gebore, want in die week het sy ma glo nie tyd gehad nie.

Hoewel hy so selfversekerd lyk, voel hy tussen beskaafde mense soos 'n verdwaalde wind in 'n sak spykers.

Hy dink hy is so belangrik—toe hy nou die ander dag van hom 'n foto wou laat neem, vra hy vir 'n groepfoto.

Le Roux Ateljee

vir al u FOTO'S EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDEN asook ELEKTRIESE WARE SKRYFBEHOEFTE — RADIO'S Span en Omlysting van Tapeserieë

Besoek ons Ateljee te Von Wtelligstraat 33 Tel. 2217

Taai Wedstryd Gelykop

In 'n aanskoulike en taai wedstryd het die tweede manshokkiespanne van Puk en Kovsies gelykop gespeel met een doel elk.

Die Pukke het aanvanklik duidelik die oorhand gehad maar in die agtiende minuut is Fritz Hoogenboezem beseer en moes vir die grootste gedeelte van die wedstryd die veld verlaat.

Uitblinkers aan die Pukke se kant was veral Jan du Preez en Gert Kruger wat die Pukke telkens uit benoude oomblikke moes red.

Onthou 3091

Skakel hierdie nommer vir diens!

DIE BULT APTEEK

TOMSTRAAT 86

Ons spesialiseer in:

- ★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidsprepara's
- ★ Egte Franse DANA PARFUM, en
- ★ Aptekersbenodigdhede

ONDERSTEUN OUD-PUKKE

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92

TELEFOON 1389

POTCHEFSTROOM

Rokmateriaal -- veral rok lengtes

NOMOTTA-WOL

in voorraad

Probeer ons eerste vir

AL U BOEKE, SKRYFBEHOEFTE EN ANDER BENODIGDHEDEN

OPEN 'N REKENING BY

AJAX

Boeke en Skryfbehoeftes

KERKSTRAAT 159

TELEFOON 3458

Tweede Span Hulle Sout Dubbel en Dwars Werd

DIE PUK SE TWEDE span het vanmiddag daarin geslaag om die Kovsies te verslaan met nege punte teenoor ses. Die Pukke se voorspelers verdien hoë lof vir die wyse waarop hulle die bal in die lynstane sowel as in die skrumms bemeester het. Donald McDonald en sy manne was altyd bymekaar en het ook altyd die bal mooi uit die losskrums bemeester.

Die Kovsies het eerste punte aangeteken toe hulle kaptein, Kloppe, mooi gebreek het en die losskakel, Cloete, oorgestuurt het. Die ander punte vir Ukovs het gekom van 'n strafskop deur P. van Rooyen.

Die Puk se punte is aangeteken deur Frik de Beer (drie), Leon Thom (drie) en Hannes Sauerman (strafskop).

UITBLINKERS

Uitblinkers aan die Puk se kant was Piet van der Schyff, Frik de Beer en Leon Thom. Die vleuels het ongelukkig nie baie werk gekry nie maar hulle was altyd gewillig. Die spelers was een en almal hulle sout werd.

Aan die Ukovs se kant het die vleuel, Crowther, gevaarlik gelyk terwyl die hele agterlyn hulle deeglik van hulle saak vergewis het.

REDAKSIONEEL

Laat Dit So Voortduur

Intervarsity van 1961 is iets van die verlede. Die luisterryke en mooi tradisie van Intervarsity tussen hierdie buur-universiteite is steeds ongeskonde.

Dis iets om op trots te wees . . . en iets om altyd in ere te hou. Vir die Pukke was dit glorieryk . . . heerlik . . . warm om die hartsnare.

Hulle moes hul dirigent afstaan, maar dit het hulle aangevuur om vanmiddag op die pawiljoen hul allerbeste te lewer.

Mooi so!

Aan die Kovsies: dankie vir 'n aangename Intervarsity. Die pendule moes swaai . . . jammer dat dit julle geslag moes tref.

Aan kaptein Piet Bosman en sy veertien manne: 'n warm gelukwense. Dit was lekker om saam met julle Pukke te kon wees.

● 'n Baie mooi wedstryd oor die algemeen.

Tussen Die Sport Deur

● 'n Korrespondent van Die Wapad het 'n ud-Puk Leon Swart vanoggend hier opgemerk. Hy is vol daarvan dat hy verloof is aan Ann Haywood — glo nie die filmster nie!

● Dan vier die penningmeester van die Studenteraad en Navy se een flank, Nic Swart, heerlik Intervarsity met Anita van der Merwe aan sy sy. Hartlik geluk met die kys.



Leon Thom, wat vir Navy 'n barshou gespeel het.

Studentebeeld

'N PUBLIKASIE VAN UNESCO, Basic Facts and Figures, bring interessante statistiek en algemene wetenswaardighede aan die lig.

Die V.S.A. het vandag die meeste studente in die wêreld, nl. 3,236,414 gevolg deur die U.S.S.R. met 2,260,000.

Hiervan bestudeer net 287,164 Amerikaners die ingenieurswese teenoor 765,000 Russe.

Die volgende land is Indië met 833,450 studente en dan Japan met 636,232.

IN EUROPA

Frankryk is voor in Europa met 226,173 studente gevolg deur Wes-Duitsland en Italië.

In die V.S.A. studeer tans 14,245 studente uit ander lande; in Frankryk 17,000 en in Duitsland 15,000.

Die V.S.A. lewer natuurlik meer gegradueerdes as Rusland — ongeveer 140,000 meer, maar dan lewer die Russe ten spyte hiervan weer 18,000 meer tegniese en natuurwetenskaplike gegradueerdes.

SKRYWERS

Die Russe is ook produktiewe skrywers. Jaarliks sien 69,000 nuwe publikasies die lig teenoor die 14,000 van die V.S.A.

Dit is ook interessant dat uit elke 1,000 mense in Brittanje 573 koerante lees teenoor 327 Amerikaners. Die Russe kom glad nie in die prentjie nie.

Dit blyk verder dat die Oostenrykers die grootste bioskoop-liefhebbers in die wêreld is met 17.4 per duisend teenoor 12.5 Amerikaners.

TAAI STRYD OP DIE PAWILJOEN

SOOS NOG NOOIT IN DIE geskiedenis nie, het die Pukke vanmiddag op die pawiljoen Intervarsity gehou. Een en elk wat tussen die singende, gillende massa gesit het, kan daarvan getuig.

Net voor die aanvang van die hoofwedstryd, het Hans van Zyl, die hoofdirigent, die skare rasend gehad toe hy, in daardie „bewoë” oomblikke, die eerstepan van die Puk aan die massa getoon het. „Dis ons span daardie,” het Hans gesê, en die Pukke het mal geword.

Kwinkslae tussen die dirigente was weer aan die orde van die dag, en van die begin tot aan die einde het daar telkens iets opgeduik wat die heerlike gevoel van Intervarsity verskerp het.

VAL IN REDE

Ongelukkig het Ewie Cronje, Hans van Zyl se opponent, tot groot misnoë van die Pukke Hans dikwels in die rede geval en hom nie kans gegee om te praat nie.

Gevoelens het daan ook hoog geloop toe Ewie die Pukke probeer dirigeer het.

Ons haal hier enkele skerpsinnighede wat deur die stryd op die pawiljoen ontlok is, aan:

Frik van Deventer, na aanleiding van Pine se grappies: „Jy is net so „one-track-minded” soos 'n rioolpyp.”

„Ou Pine, jy het mos die hereksamen in jou I.K. egpluk?”

BEWOË

'n Bewoë Hans van Zyl het aan die einde van die wedstryd tussen die tweede spanne voor sy mense

verskyn. In sy verwelkomingswoord tot die Kovsies, sê Hans: „Ek is in die gelukkige posisie dat ek albei die Universiteite van binne en buite ken.”

„Die Universiteit van Witgat-wortelfontein,” met verwysing na die U.O.V.S. Dat die behandeling wat Hans op UKOVs ontvang het, hom nie gepas het nie, blyk duidelik uit sy kommentaar op die ontbyt wat in die U.V. koshuise aan hom voortgesit is: „. . . elke oggend hoendervleis, maar ongelukkig net in die doppe.”

REËLS

Teenoor Ewie: „Ons sal vandand op Cachet vir julle 'n boekie oorhandig—reëls i.v.m. skaak—ek praat nou van dirigent-skaak.”

Ewie Cronje se „whit”: Hans, hou jou bek . . .

„Jy lyk soos 'n hotnotsgod wat op 'n afdraende staan en wasgoed was.”

LANDLOOP:

PUKKE MAAK SKOONSKIP

Soos in alle ander afdelings van die Intervarsity-stryd het die Pukke ook in die landloop



Jurg van der Walt, die man met die lang asem.

skoonskip gemaak deur die eerste drie plekke te verower.

Presies om 2.43 vanmiddag het Jurg van der Walt en Tom Lotz by die hekke wat toegang tot die veld verleen verskyn. In daardie stadium was dit net die ekstra bietjie aanmoediging wat die Pukke nodig gehad het—om twee van hulle mense aan die voorpunt van die landlopers te sien.

Tot by die wenpaal het Van der Walt en Lotz kop-aan-kop gehardloop maar Van der Walt het duime van die lint af daarin geslaag om die wedloop te buit.

In die derde plek het D. Donald (P.U.) gehardloop, terwyl Roelofse van die U.V. met die vierde plek tevrede moes wees.

BULT GARAGE (Edms.) Bpk.

H/v Tom- en Von Wiellighstraat POTCHEFSTROOM

vir

SMERING, PETROL, OLIE, REPARASIES en ander benodigdhede

Gedruk deur Enslins, Potchefstroom, en uitgegee deur die P.U. vir C.H.O. Studenteraad.

Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!

Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem — is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurrik aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle — die keurbier vir louter plesier — in kannetjies of bottels.



SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER



Grant 345/5877-2A